# MULLIE MEULE

Laerskool Muldersdrif, Posbus 6, Muldersdrift, 1747



011 662 1929

0865742798

www.mullies.net


MULDERSDRIF
DOEN DIT NOU
Sedert 1909

Normale Skoolure:

| | |
|---|---|
| Gr. 000-R | 7:30-13:00 |
| Gr. 1-2 | 7:30-13:00 |
| Gr. 3 | 7:30-13:30 |
| Gr. 4-7 | 7:30-13:45 |


**24 Julie 2026 No. 793**


*Uit die hoof se pen*

## Integriteit

*(Bron: Boodskap vir die dag—Lizette Murray)*

**Groete,** Wees 'n voorbeeld vir alle gelowiges deur wat jy leer, in die manier waarop jy lewe, in jou liefde, jou geloof en jou integriteit. - I Timoteus 4:12

Integriteit was altyd vir my 'n grand en hoë woord toe ek op skool was. Ek het dit met vername mense geassosieer. Ek het gedink jy moet allerhande grade en groot geleerdheid hê om integriteit te kan hê. Later het ek egter ontdek jy moet eintlik net ruggraat hê.

Integriteit het 'n baie eenvoudige betekenis en is heeltemal haalbaar vir elke mens. Jy hoef nie 'n Olimpiese atleet of 'n rocket scientist of die pous te wees om met integriteit te leef nie. Jy moet net eerlik en deursigtig wees. Of in plein Afrikaans: Doen wat jy sê. Kom jou

woord na en hou by jou standpunte wat jy inneem.

Dit klink eenvoudig, en tog sukkel baie mense met hierdie opdrag om hulle woorde en hulle dade te integreer, om hulle woorde en dade met mekaar te laat ooreenstem.

Ek kan bladsye vol skryf oor mense wat my met vroom praatjies verseker het dat hulle betroubare en opregte Christene is, en dan moes ek later uitvind net mooi die teenoorgestelde is waar.

Mense sonder integriteit is nie staatmakers nie. Hulle ontwrig ander se lewe en geloof en doen die Here se goeie Naam 'n oneer aan.

Die Woord vra dat ons as uitgesproke Christene vir ander 'n voorbeeld van integriteit tydens ons geloofsreis sal wees. Integriteit getuig van 'n standvastige en eerbare karakter - ook in die klein dingetjies. Mense met integriteit lieg en bedrieg nie; hulle manipuleer nie; hulle blameer nie ander wanneer hulle 'n fout maak nie.

Wil jy 'n bruistablet vir God se koninkryk wees? Leef dan die boodskap wat jy verkondig - of bly liewer stil.

Bruisgebed vir integriteit: U is die lig vir die wêreld, Here Jesus. Help my om elke dag met integriteit in u lig te leef, tot eer van u Naam.

*Herman Byleveld*

## Welkom terug Mullies!

Baie welkom terug aan elke Mullie! Mag kwartaal 3 'n aangename, vriendelike belewenis wees in die klaskamer, sportvelde en verhoog. Mag ons straal en met God se oë na die mense om ons kyk. Voorspoedige Kwartaal 3!

"Kom ons kweek 'n samelewing wat nie net talente ten toon stel nie, maar ook onbesproke karakter." - Onbekend

Met die aanbreek van die nuwe kwartaal is ons personeel op 'n besonder aangename wyse bederf met heerlike sop en vars brood.Baie dankie aan elkeen wat hierdie mooi gebaar moontlik gemaak het. Julle toewyding, omgee en moeite word opreg waardeer.Dankie dat julle op so 'n praktiese en hartlike manier bydra tot die welstand van ons onderwyserspan. Julle ondersteuning maak 'n groot verskil.















MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT
wolkskool


ANTON GOOSEN
MULDERSDRIF MANNE-AAND
DATUM:
29 AUGUSTUS 2026
TYD:
BEGIN OM 16:00
PLEK:
L/s MULDERSDRIF RUGBYVELD
INLIGTING OOR DIE AAND
KOS, RUGBY EN MUSIEK INGESLUIT.
MULDERSDRIF
Sedert 1909
BESPREEK JOU PLEK BY:
Alwyn Burger
083 455 4009
alwyn@mullies.net
admin@mullies.net
R 4500.00 P/TAFEL van 10 persone
KONTANTKROEG BESKIKBAAR
GROOTSKERM RUGBY
SUID-AFRIKA VS NZ
OM 17:00
29 AUGUSTUS 2026

# Mullies van die week!





## 24 Julie 2026

### Kleuter Akademie:

Groooo - Isabelle
Richter Grooo -
Wilhelm Botha Groo -
Mattheo Richter ,
FredréKotZéGr R -
Mileah HoltZhausen,
Livia Venter,
Khensani Moepane

### Graad 1:

Thalia Correia
Lee-Roy
Barnard
Ruben Steyn

### Graad 2:

Hannah de Bruin
Karmi van
Rooyen
Lola Grota

### Graad 3:

Durandt
Wassermann
Lienke Lendes
Erich van den
Heever

# Mullies van die week!





## 24 Julie 2026

### Graad 4:

LJ Grobler
Ludwig van der Merwe4.2 Duane Holtzhausen

### Graad 5:

Stiaan de Villiers
Milanéde Souza

### Graad 6:

Tiffany Slabber

### Graad7:

Danika Mans
Klara Botha
Kealan van der Walt

# Splinternuwe Aanloopbane! Dankie Gr.7's van 2026!




MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT /stick-it/
wolkskool

# Splinternuwe Aanloopbane! Dankie Gr.7's van 2026!









MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS
d6+
STICITT
/stick-it/
wolkskool

# Judo-Prestasies

Baie geluk aan **Rudolph Gibbs** (Graad 4) met sy uitstekende prestasie by die SA Judo Nasionale Skolekampioenskappe. Rudolph het in die **O/10 Seuns O/34 kg Advanced**-kategorie meegeding teen van die beste judokas van Namibië, Zimbabwe en regoor Suid-Afrika. Hy het 'n **uitstekende derde plek** uit agt deelnemers in sy kategorie behaal. Pragtig, Rudolph! Ons is ongelooflik trots op jou.

Baie geluk ook aan **Michael Morgan** (Graad 4), wat gedurende die skoolvakansie aan die **SA Judo Nasionale Skolekompetisie** deelgeneem het. Michael het 'n **goue medalje** in sy ouderdoms- en gewigsgroep verower. Wat 'n besonderse prestasie!

Ons wens ook **Noa van der Walt** hartlik geluk met sy uitstekende prestasie by die **SA Judo-kampioenskappe**, wat gedurende die skoolvakansie in Gqeberha (Port Elizabeth) plaasgevind het. Noa het aan die **Seuns O/11-afdeling (-34 kg)** deelgeneem en 'n **derde plek** behaal. Ons is ongelooflik trots op sy harde werk, deursettingsvermoë en toewyding.

Baie geluk, Rudolph, Michael en Noa! Julle is uitstekende ambassadeurs vir ons skool. Ons is ongelooflik trots op julle prestasies en wens julle alle sterkte toe met die res van die seisoen! 🌍🥋🥇

# Judo-Prestasies








MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT
wolkskool



# HOKKIE

Baie geluk aan die volgende spelers en spanne wat in die skoolvakansie deelgeneem het aan provinsiale toernooie vir hul verskeie Gauteng-Wes spanne:

- ✓ Kaylee Maartens (Gauteng-Wes D2 Span eindig 9de uit 16 spanne)
- ✓ Isabella Ekermans (Gauteng-Wes D2 Span eindig 9de uit 16 spanne)
- ✓ Sarel Pieterse (Gauteng-Wes D2 Span eindig 9de uit 16 spanne)
- ✓ Inge Grobbelaar (Gauteng-Wes D2 Span eindig 6de uit 10 spanne)
- ✓ Wian van der Merwe (Gauteng-Wes D2 Span eindig 6de uit 10 spanne)
- ✓ Ruben Eunson (Gauteng-Wes D2 Span eindig 6de uit 10 spanne)

MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS
d6+
STICITT /stick-it/
wolkskool





















MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT [stick-it]
wolkskool




## IPTS Action Cricket 2026 – Gauteng Provisional Tournament 🏏

Baie geluk aan **Lohen Houston, Christoffel Lotter, Chris van Rooyen** en **Tatum Stander** wat die voorreg gehad het om aan die **IPTS Gauteng Provisional Tournament** deel te neem.

Hierdie talentvolle seuns het die **Western Wolves Gauteng-span** met trots verteenwoordig en deurgedring tot die **Plate-finaal,** waar hulle as kampioene gekroon is. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle. Hulle het oor vier dae bewys wat toewyding, deursettingsvermoë, harde werk, spanwerk en dissipline kan vermag. Hulle het elke wedstryd met trots gespeel, nooit moed opgegee nie en alles op die baan gelos.

Onthou, wen is wonderlik, maar die karakter wat julle op die pad daarheen gebou het, is wat werklik saak maak. Hou aan om groot te droom, hard te werk en in julleself te glo. Hierdie is net die begin van nog baie mooi prestasies wat voorlê.

**Baie geluk, Western Wolves Gauteng Span! Julle het ons ongelooflik trots gemaak!**



# Krieket



Milan Greyvenstein en Lian Abrahamse het van 1 tot 5 Julie deelgeneem and die Interprovincial Action Cricket toernooi in Vanderbijlpark en het Western Gauteng verteenwoordig. Hulle het die toernooi in die finaal gewen teen Mpumalanga en sodoende die goue medalje verower.








MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT
wolkskool

# Krieket

IPTS Gauteng Provisionals

Ons is ongelooflik trots op ons spelers wat gedurende die skoolvakansie, 26–30, Gauteng met trots verteenwoordig het tydens die IPTS Gauteng Provisionals.

🎉 Baie geluk aan:

- Christoffel Lotter
- Lohen Housten
- Chris van Rooyen
- Tatum Stander

Hulle het uitstekende prestasies gelewer, plate verower en vir vier dae met toewyding, spanwerk en sportmangees aan die toernooi deelgeneem.

Julle harde werk, deursettingsvermoë en passie vir Action Cricket is 'n inspirasie. Baie geluk met hierdie besondere prestasie – ons is ongelooflik trots op elkeen van julle!

💙 Baie geluk, Gauteng-span! Julle het ons trots gemaak! 🏏




MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT /stick-it/
wolkskool



# Rugby

Baie geluk aan Juan Hartzenberg, Samual Rossouw, Luke Smuts en Sion Nel wat vir die Wes O/12 7's-rugbyspan gekies is. Nog geluk aan Jeorge Pretorius, Luan Wolfhardt en Ewert van der Merwe met hul insluiting in die Wes O/13 7's-rugbyspan. Julle harde werk en toewyding het vrugte afgewerp. Ons wens julle alle sterkte toe met die proewe en vertrou dat julle Laerskool Muldersdrif met trots sal verteenwoordig. Baie geluk – ons is ongelooflik trots op julle!

## Skaak Top 20 Individuele, 25 Julie! Sterkte aan:

Mignon v d Merwe
Waldo v d Merwe
Linke Botha
Joané Weideman






# MEERKAT AVONTURIERS
# VOLDAG PAKKET:

## MIDDAGETES

3 Aug: Cheese grillers en mielie koekies
4 Aug: Macaroni en kaas
5 Aug: Burgers en flings
6 Aug: Lasagne
7 Aug: Hoender blokkies en aartappel koekies

11 Aug: Hoender blokkies met flings
12 Aug: Pizza en vrug
13 Aug: Spaghetti bolognaise
14 Aug: Weense worsies met aartappel wiggies

17 Aug: Burger en vrug
18 Aug: Cheese grillers en aartappel koekies
19 Aug: Macaroni en kaas
20 Aug: Boepensbroodjie
21 Aug: Hoender blokkies en mielie koekies

24 Aug: Burger en vrug
25 Aug: Pizza en flings
26 Aug: Spaghetti bolognaise
27 Aug: Hoender a la king met rys
28 Aug: Weense worsies en aartappel wiggies

31 Aug: Macaroni en kaas



## AUGUSTUS

MySchool MyVillage MyPlanet

STICITT /stick-it/

wolkskool

# Snoepie & Laerskool Naskool Etes:

## 03 – 07 Augustus 2026

Maandag - Cheesegriller & mieliekoekies

Dinsdag - Makaroni & kaas

Woensdag - Hamburger

Donderdag - Lasagne

Vrydag - Hoenderblokkies & aartappelkoekies

Betaal asb. die **Naskool** bestellings op **D6** voor **12:00** op **Donderdag 30 Julie 2026**


IT SOLUTIONS / SOUTH AFRICA

Simplifying IT.
Amplifying potential.

Managed IT, cyber security & connectivity for South African enterprises.

AI & Business Automation · Cloud Hosting · Business Continuity · Cyber Security · Managed Services · Networking

TRUSTED BY LEADING SOUTH AFRICAN BRANDS

boost

GET IN TOUCH
087 265 4629
Michael@myboost.co.za
www.myboost.co.za

BOOK A MEETING →

Proudly South African · Local Support · Transparent Billing · White-Glove Service

MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS

d6+

STICITT
[stick-it]

wolkskool


KWARTAAL 2
DOPPIE-WENNERS!
Graad 5.3
35 emmers VOL!!!
MOGALE CITY
Baie geluk! Julle is die wenners! ❤️



# MEERKAS
## PRYSLYS

## SKOOLDRAG

| | | |
|---|---|---|
| Grys skoolhemp | 22 - 28: R260 | XS - L: R295 |
| Groen BK hemp | 22 - L: R235 | |
| Groen BK broek | 22 - L: R265 | |
| Sweetpak baadjie | 22 - 28: R595 | XS - L: R605 |
| Sweetpak broek | 22 - 28: R340 | XS - L: R350 |
| Groen kleefbroek | 22 - L: R185 | |

## SPORTDRAG

| | | |
|---|---|---|
| Rooi kleefbroek (Atletiek en landloop) | 22 - L: R205 | |
| Rooi sportkouse | Kids - Large: R150 | |
| Rooi sporthemp (Netbal, hokkie, atletiek, landloop) | 22 - 28: R205 | XS - L: R225 |
| Sonskerm | R50 | |
| Geel gestreepte oefenhemp | R205 | |

## BYKOMSTIGHEDE

| | |
|---|---|
| Rooi haarknippies (2 pak) | R5 |
| Klein frummelrekkie (2 pak) | R10 |
| Groot frummelrekkie (1) | R10 |
| Klein strik knippie | R20 |
| Groot strik knippie | R30 |
| Strik rekkie | R20 |
| Rooi rekkies (4 pak) | R5 |
| Rooi rekkies (10 pak) | R10 |
| Linte rekkie (1) | R30 |
| Rasieleier strik | R100 |

MULDERSRDRIF
DOEN DIT NOU
Sedert 1909

Vertaling:
- Frummelrekkie = “Scrunchie”
- Sonskerm = “Visor”


DR LM PRETORIUS
ORTODONTIS
MEER AS NET
'N MOOI
glimlag
Gespesialiseerde ortodontiese behandeling vir kinders, tieners en volwassenes.
Nuutste tegnologie
DAMON SYSTEM
Korter behandelingstyd met groter gemak
Resultate wat 'n leeftyd hou
BOEK JOU KONSULTASIE AFSPRAAK VANDAG
Ons kan nie wag om jou te ontmoet nie
(011) 664 7146
www.drpretorius.co.za
Ontdekkersweg 16, Roodepoort




MySchool MyVillage MyPlanet d6+ STICITT wolkskool


XPN NUTRITION
ENDURANCE AND RECOVERY DRINK FOR ATHLETES
XPN
EN_UR3
ENDURANCE ENERGY MIX
ORDER NOW
Use Coupon code:
"alwyn"
for 5% off




MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT [stick-it]
wolkskool


XPN
Nutrition
HIGH-QUALITY PROTEINS
WHOLE GRAINS + NUTRIOSE
ESSENTIAL VITAMINS & MINERALS
CONVEIENT & TASTY
ORDER NOW
Chocolate, Strawberry, Vanilla, Banana, Cinnamon, Coconut
HERO
Cereal and Meal Replacement
XPN
HERO
Use Coupon code: "alwyn" for 5% off


XPN Nutrition
Voed jou liggaam. Versterk jou doelwitte.
ONS
PRODUKTE:
• CHAMP – KIDS MEAL REPLACEMENT
• HERO – MEAL REPLACEMENT SHAKE
• FUEL PACK – MEAL REPLACEMENT BOX
• MUSCLE FUEL PROTEIN
• PROBIOTIC CAPSULES
...plus ander XPN supplemente soos energie- en herstelprodukte
Gebruik die kode: "alwyn"
vir 5% af op alle bestellings
CLICK HERE!


XPN Nutrition
Voed jou liggaam. Versterk jou doelwitte.
Ons
Produkte:
• CHAMP – Kids Meal Replacement
• HERO – Meal Replacement Shake
• Fuel Pack – Meal Replacement Box
• Muscle Fuel Protein
• Probiotic Capsules
...plus ander XPN supplemente soos energie- en herstelprodukte
Gebruik die kode: "alwyn"
vir 5% af op alle bestellings

# Senior hokkie Kalender 2026:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 3 Hokkie:** | | | | | |
| 27 Julie | Maandag | Oefening 4 | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| **27 Julie** | **Maandag** | **Senior hokkie liga & hokkieseisoen bespreking** | **17:30** | **Alle hokkieouers & ondersteuners** | **Mullies se skoolsaal** |
| 29 Julie | Woensdag | Oefening 5 | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| 31 Julie | Vrydag | Superreeks | 13:00-18:00 (Program sal volg)<br><br>Daar is 'n bus wat deur ry. | Dogters 0/10<br>Dogters 0/11<br>Seuns 0/10-0/11<br>**(R20 per volwasse & R10 per leerder sonder skoolklere)** | L/s Louw Geldenhuys & H/s Linden |
| 1 Aug. | Saterdag | Superreeks | 08:00-15:00 (Program sal volg) | 0/12 Dogters<br>1stes Dogters<br>1stes Seuns<br>**(R20 per volwasse & R10 per leerder sonder skoolklere)** | L/s Louw Geldenhuys & H/s Linden |
| **Week 1 van Elite A-hokkieliga:** | | | | | |
| **3-7 Aug.** | **6 Augustus** | **Dogters Liga wedstryd (1)** | **14:00-17:00** | **Dogters 0/10-0/13 teen L/s Kenmare** | **Noordheuwel astro** |
| 3 Aug.<br><br>3 Aug. | Maandag<br><br>Maandag | **Seuns Liga wedstryd (1)**<br><br>Dogters oefening | **Tyd sal bevestig word**<br><br>14:00-15:30 | **Seuns 0/10-0/13 teen Monument Primary**<br><br>Dogters 0/10-0/13 | **KHS astro**<br><br>Mullies |
| 5 Aug. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| **Week 2 van Elite A-hokkieliga:** | | | | | |
| **10-14 Aug.** | **TBC** | **Dogters Liga wedstryd (1)** | **TBC** | **Dogters 0/10-0/13 teen L/s Protearif** | **Weg** |
| **10-14 Aug.** | **N.V.T.** | **Seuns se "Bye" week** | **N.V.T.** | **Seuns 0/10-0/13 se "Bye" week** | **Slegs oefening** |
| 10 Aug. | Maandag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| 12 Aug. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| **Week 3 van Elite A-hokkieliga:** | | | | | |
| **17-21 Aug.** | **N.V.T.** | **Dogters se "Bye" week** | **N.V.T.** | **Dogters 0/10-0/13 se "Bye" week** | **Slegs oefening** |

MySchool MyVillage MyPlanet EVERY SWIPE COUNTS
d6+
STICITT /stick-it/
wolkskool

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 17 Aug. | Maandag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| 19 Aug. | Woensdag | Liga wedstryd (2) | TBC | Seuns 0/10-0/13 | H/s Monument se astro |
| 19 Aug. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters 0/10-0/13 | Mullies |
| Week 4 van Elite A-hokkieliga: | | | | | |
| 24-28 Aug. | TBC | Seuns liga wedstryd (3) | TBC | Seuns 0/10-0/13 teen L/s Rapportryer | Weg |
| 24 Aug. | Maandag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| 25 Aug. | Dinsdag | Dogters liga wedstryd (3) | TBC | Dogters 0/10-0/13 teen L/s Dagbreek | Weg |
| 26 Aug. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| Week 5 van Elite A-hokkieliga: | | | | | |
| 31Aug.-4 Sept. | TBC | Dogters liga wedstryd (4) | TBC | Dogters 0/10-0/13 teen Curro Krugersdorp | TBC |
| 31Aug.-4 Sept. | TBC | Seuns liga wedstryd (4) | TBC | Seuns 0/10-0/13 teen L/s Bekker | TBC |
| 31 Aug. | Maandag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| 2 Sept. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | Dogters & seuns 0/10-0/13 | Mullies |
| Week 6 van Elite A-hokkieliga: | | | | | |
| 7 Sept. | Maandag | KWART-FINALE | TBC | TBC | H/s Monument se astro |
| 9 Sept. | Woensdag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | TBC | Mullies |
| 10 Sept. | Donderdag | SEMI-FINALE | TBC | TBC | H/s Monument se astro |
| Week 7 van Elite A-hokkieliga: | | | | | |
| 14 Sept. | Maandag | Hokkie oefening | 14:00-15:30 | TBC | Mullies |
| 16 Sept. | Woensdag | FINALE | TBC | TBC | H/s Noordheuwel se astro |

# MINI-HOKKIE

| Datum | Dag | Geleentheid | Ouderdoms groepe | Plek |
|---|---|---|---|---|
| 27 & 28 Julie 2026 | Maandag & Dinsdag | Mini-hokkie Kliniek | O/6-O/9 Seuns en dogters | TUIS |
| 1 Augustus 2026 | Saterdag | Sportsdag | O/6 – O/9 Dogters | L/S Krugersdorp-Noord |
| 5 Augustus 2026 | Woensdag | Vriendskaplik Monument Primary | O/6 – O/9 Seuns en dogters | TUIS |
| 12 Augustus 2026 | Woensdag | Vriendskaplik | O/7 – O/9 Dogters | L/S Millenium |
| 19 Augustus 2026 | Woensdag | Vriendskaplik | O/6 – O/9 Dogters | L/S Krugersdorp-Noord |
| 22 Augustus 2026 | Saterdag | Sportsdag | O/7 – O/9 Dogters | L/S Millenium |
| 26 Augustus 2026 | Woensdag | Vriendskaplik Curro | O/6 – O/9 Seuns en dogters | Tuis |
| 29 Augustus 2026 | Saterdag | Sportsdag | O/6 – O/9 Seuns en dogters | L/S Dr. Havinga |
| 2 September 2026 | Woensdag | Vriendskaplik "Mascot" | O/6 – O/9 Seuns en dogters | TUIS |

# Landloop



| Datum | Dag | Geleentheid | Ouderdomsgroepe | Plek |
|---|---|---|---|---|
| Oefening op Maandae en Dinsdae vanaf 14:00-15:00 | | | | |
| 24 Julie | Vrydag | Liga 1 | o/8-o/13 | Laerskool Bekker |
| 31 Julie | Vrydag | Liga 2 | o/8-o/13 | Monument Primary |
| 7 Augustus | Vrydag | Liga | o/8-o/13 | Laerskool Hekpoort |
| 26 Augustus | Woensdag | Distrik kampioenskappe | | TBC |
| 29 Augustus | Saterdag | Gauteng kampioenskappe | | Curro Midrand Sagewood |
| 2-3 Oktober | Vrydag en Saterdag | SA's | | KwaZulu-Natal |

# Skaak



| Datum | Dag | Geleentheid | Ouderdomsgroepe | Plek |
|---|---|---|---|---|
| 25 Julie | Saterdag | Top 20 Individuele Uitspele | Mignon v d Merwe<br>Waldo v d Merwe<br>Linke Botha<br>Joane Weideman | Nic Diedericks Hoërskool |
| 1 Aug | Saterdag | Regional Indiv | | |
| 15 Aug | Saterdag | Distrik Finale | 0/11 Span | Carlton Jones High |
| 28 Aug | Vrydag | Prov. Finale | | |


Krieket
Mullies
Navrae: elra@mullies.net
MULDERSDRIF
DOEN DIT NOU
Sedert 1909
Mini-krieket Datums
Afrigters:
0/6: Carné Eksteen & Jolandé Austin
0/7: Elra Blacquiere  Hennie Visser
Dinsdae en Donderdae
Vanaf Dinsdag, 23 Junie 2026
0/6 : 07h30 - 08h00
0/7: 13h15 - 14h15
Vriendskaplike wedstryde:
5 Aug: Tuis – 0/6 en 0/7 teen Protearif 14h00
12 Aug: Weg – 0/6 en 0/7 teen Noordskool
19 Aug: Tuis – 0/7 teen Kenmare 14h00
26 Aug: Tuis – 0/6 en 0/7 teen Monument Primary 14h00
2 Sept: Tuis – 0/6 en 0/7 teen Millennium. 14h00
– Afsluiting vir mini-krieket en mini-hokkie.
Saterdae:
1 Augustus: Ls Krugersdorp Noord 08h00
22 Augustus: Ls Millennium
29 Augustus: Ls Dr. Havinga

# Finansies






Dankie aan elke ouer wat getrou die MySchool projek ondersteun deur die gebruik van MySchool Kaarte. Ons moedig ons ondersteuners aan om gereeld u kaarte te gebruik. Ons is regtig baie dankbaar vir elke ouer en ondersteuner wat hul MySchool Kaart so getrou gebruik. Elke sent maak 'n groot verskil.

## Fondsinsamelings 2026

| 2026 | Datum | Doel | Bedrag ingesamel |
|---|---|---|---|
| 'My Skool' | Deurlopend | Aanvulling tot Begroting | R 21 593, 13 |
| Syfer Flinkdink | 27 Maart | Aanvulling tot Begroting | R 106 505, 00 |
| M-dag | 19 Junie 2026 | Graad 7 fondsinsameling | R 4 500, 00 |
| Damesoggend | 20 Junie | Aanvulling tot Begroting | R16 838, 00 |
| Manne aand | 29 Augustus | Aanvulling tot Begroting | |
| Kaskardag & Potjiekos kompetisie | 9 Oktober | Aanvulling tot Begroting | |

MySchool MyVillage MyPlanet
d6+
STICITT
wolkskool

# Finansies



**Betaalopsies vir Skoolfonds, Naskool en Busvervoer**

- ✓Debietorder (voorkeur)
- ✓EFT
- ✓Kaartbetalings by kantoor

Oorslaap geleenthede!

| UITSTAPPIES | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **UITSTAPPIE** | **OUDERDOM** | **WAAR** | **DATUM** | **KOSTES** | **OPMERKINGS** |
| Gr. 7 Avontuurkamp | Graad 7 leerders | Klein Kariba | 20-23 September | R 3 750, 00 | |






MySchool MyVillage MyPlanet
EVERY SWIPE COUNTS
d6+
STICITT /stick-it/
wolkskool

# Op die Mullie kalender

| Soos op 24 Julie 2026 | |
|---|---|
| **Maandag, 27 Julie** | **Dinsdag, 28 Julie** |
| Senior kooroefening.<br>Hokkie en mini-hokkie oefening.<br>Landloop oefening.<br>Senior hokkie liga en seisoen hokkie bespreking (17:30). | Krieket en mini-krieket oefening.<br>Landloop oefening.<br>Mini-hokkie klinieke vir o/6-o/9. |
| **Woensdag, 29 Julie** | **Donderdag, 30 Julie** |
| Junior kooroefening.<br>Hokkie en mini-hokkie oefening.<br>Rasieleiers oefening.<br>Mini-hokkie klinieke vir o/6-o/9. | Krieket en mini-krieket oefening. |
| **Vrydag, 31 Julie** | **Saterdag, 1 Augustus** |
| Skaakoefening om 6:30.<br>Rasieleiers oefening.<br>Landloop liga by Avianto.<br>Hokkie Superreeks (Laerskool Louw Geldenhuys/ Hoërskool Lindin). | Skaak regional individueel.<br>Mini-hokkie Sportsdag by Laerskool Krugerdorp Noord. |

MySchool MyVillage MyPlanet EVERY SWIPE COUNTS
d6+
STICITT [stick-it]
wolkskool